ELKE ANDER DUIM 'N DAME

'N SOLOSTUK, BESTAANDE UIT SES SKETSE

DEUR LIZZ MEIRING. 2002

Kontakadres vir opvoerregte:

Lizz Meiring (E-pos: lizzmeiring@me.com)

ELKE ANDER DUIM 'N DAME - AGTERGROND

Elke ander duim 'n dame is geskryf om die eksentrieke indivudialis wat in ons almal skuil, te vier. In 'n wêreld wat so graag als en almal wil kategoriseer, wil die skrywer juis diegene wat buite die netjiese hokkies dink en leef, uitlig. En dis almal van ons. Self s die mees oënskynlike "gewone "mens het 'n dwarstrekstreep, 'n geheime fantasie, 'n wellustige weerloosheid , 'n versteekte nuk wat wil-wil uitkom. Die fisiese manifestasie van ons uniekheid lê nie net in ons liggaamsbou, gelaatstrekke, of selfs ons taalgebruik of stemtoon nie. Dit word als tot 'n mate oorgeërf of aangeleer. Die aspek wat ons werklik uiniek maak is ons manier van loop. Gaan kyk bietjie mooi – elke mens op aarde, selfs identiese tweelinge loop anders. En jy kan baie van 'n persoon se innerlike self waarneem volgens hul voetwerk. Die visuele simbool van ons unieke tree is skoene. Elke vrou (en man) wat ek ken is gek oor skoene. Dus gaan hierdie solostuk oor skoene. Want kyk jy 'n skoen van naderby, verklap dit baie van persoonlike smaak. Kyk nog nader en sien hoe die skoene uitgetrap is , dit verwys weer na ons eie manier van loop.
Diè ses sketse lewer elkeen sosiale kommentaar. Die eerste vlak is komies, satiries. Die tweede vlak vervat die patos, die donker en ook die absurditeit van die menslike bestel. 'n Derde vlak is vir die gehoorlede wat litêre en mitiologiese, asook geskiedkundigeverwysings ken en verstaan. Maar daar's iets vir almal.

Produksiespan :

SPELER : LIZZ MEIRING .
TEKS : LIZZ MEIRING .
REGIE : ANNALISE BOSCH
KUNSREGISSEUR : KOSIE SMIT .
BELIGTING : COENRAAD RALL .
KOSTUUMS : HENRY VAN NIEKERK ,
SKOENE EN REWKISIETE,: KOSIE SMIT

OORSPRONKLIKE MUSIEK : DAWID BOVERHOFF.
PRODUKSIEBESTUUR : THE SIXTH SENSE/ PITCH PROMOTIONS/LIZZ MEIRING
TEGNIESE REGISSEUR : COENRAAD RALL
TYDSDUUR : 55 – 60 MINUTE, GEEN POUSE
KLASSIFIKASIE : SAL NIE AANKLANK VIND BY KINDERS ONDER 14 NIE. TAAL : 90 % AFRIKAANS, 10% ENGELS , ENKELE KRU TAAL.

MEDIA VRYSTELLING :

Lizz Meiring se vierde eenvroustuk , "ELKE ANDER DUIM 'N DAME " , vertel, vier en satiriseer moderne Suid Afrikaanse vroue en mans .
"ELKE ANDER DUIM 'N DAME " is slim, skerp , snaaks , vermaaklik en verassend. Die materiaal is komies op 'n eerste vlak,
donker en satiries op 'n dieper vlak.
Meiring skep verskillende style in die stuk - van vertelling tot tango. Die karakters is almal eg , herkenbaar ; met 'n aweregse streep of twee : Daar's die Presidente van Jong Dames Sianied , die neo politiese kinderstorie , 'n beduiwelde cupid , 'n charismatiese koper , 'n lolita huisvrou en 'n aardse skoenkunstenaar.

Groot , eksentrieke skoene speel 'n belangrike rol in die opvoering , en natuurlik verwys die titel - "ELKE ANDER DUIM 'N DAME " na die hoogte van hake en natuurlik na Lizz se ...mmm..... gebrek aan lengte.

Elke ander duim 'n dame was een van die topproduksies van die KKNK 2002 Hierna,het is die produksie landswyd by teaters, damesklubs, fondsinsamelings en

ander funksies opgevoer. Die sale was oral vol, en gehore was gaande oor diè slimskerp verassingspakkie van vermaak.

Mediareaksie :

"Elke ander duim 'n dame is 'n moet...."
Die Krit. 31 Maart 2002
"Meiring se mes is vlymskerp ,..vernuf en humor kenmerk die hoogs oorspronklike produksie"
Die Burger - 2 April 2002

Inkleding

Die stel :

Bestaan uit oppervlaktes – tafels, stoele, waarop en waaraan die kostuums, rekwisiete en oorgrootte skoene geplaas en gehang word. Cupido se vlerke, baie vertap en stukkend, word by die area gehang waar die regisseur kies dat die skets plaasvind.

KOSTUUMS :

Die speler dra 'n basiese kostuum , verkieslik een donker kleur. Al die kostuums vir die karakters, word op die verhoog verwissel, en gedra bo-oor die basiese kostuum. In die oorspronklike produksie het die karakter kostuums soos papierpop cutouts *gelyk – m.a.w platvlak items, wat aan die speler se lyf gehang word.*

Die skoene van elke karakter in diè stuk is van kardinale belang, omdat die stuk eintlik oor skoene handel – hoe ons as individue ons voete op aarde vind, hoe ons as individue beweeg. Skoene is die visuele manifestasie daarvan.

Bou met gekerfde spons, 'n groter laag om regte skoene, en heg met sterk gom aan die regte skoene binne-in vas. Versier die skoene met verf en blinkers ens.

REWKISIETE :

Skets 2 - Asvrouedeeltjie - het 'n sprokiesboek.

Skets 3 – Cupido het 'n halfjack whiskey bottle, 'n boog en 4 pyle, 'n opgerolde document (scroll)

Skets 6 – Die Skoen antie – gebruik die skoene van al die ander karakters om haar installasiekuns op 'n tafel of ander blad te bou.

KOPIE & OPVOERREGTE :
VOLLE KOPIEREG EN OPVOEREGTE BERUS BY DIE OUTEUR LIZZ MEIRING .
AANSOEKE EN OPVOERREGTE OM DIE TEKS, GEDEELTES DAARVAN OP WELKE GELEENTHEID HETSY 'N VOLWAARDIGE OPVOERING, KUNSWEDSTRYD,TONEEL EKSAMEN, KLASWERK EN IN WELKE MEDUIM OP TE VOER MOET VERKRY WORD BY DALRO. BY

ELKE ANDER DUIM 'N DAME – DIE VERHOOGTEKS

SQ – VOORAF OUDITORUIM MUSIEK DOOF UIT.

LX – HUISLIGTE DOOF UIT.

SQ – OPENINGSMUSIEK SPEEL

LX – LIGTE OP DIE VERHOOG OP.

Speler verskyn op verhoog in basiese kostuum.

Terwyl musiek speel, trek sy die skoene, en enkele kostuumstukke vir eerste karakter aan.

SQ – musiek doof uit.

SKETS 1. JONG DAMES SIANIED.

(Karakter is die erg ordentlike, effens pretensieuse voorsitter van 'n Dames klub. Sy is bietjie senuweeagtig aan die begin, maar raak algaande meer op haar gemak en in beheer.Syis baie bewus van haar status as voorsitter en is 'n tikkie baaspelerig .)

Naand almal. Ek noem julle almal sommer almal – dan bly ons almal lekker informeel.

Hoe lekker is dit nie om so baie van ons lede en hulle wederhelftes hier te hê nie.

Welkom.manne !

Danksy almal hier by Jong Dames Sianied se bydrae, was ons verskeie naweekswerkswinkels 'n reuse sukses.

Ja goed, daar was 'n paar …insidente .., maar dis mos waar ons almal se lekker menslikheid inkom nê ?

Ek wil tog net weer die dames herhinner dat die tuisgemaakte pilletjies wat sonder ons medewete by die "JY EN JOU TIENER " lesing uitgedeel is, nie vitamiene e is nie.

Elmarie, Dina en Hannelie – ons hoop julle is weer julle ou self.

Die bestuur van Jong Dames Sianied sal sorg dat sulke insidente – nooit , ooit weer gebeur nie.

Charinize- Chantellette- Mardilene se praatjie oor " WAT BETEKEN MY NAAM " was besonder gewild. So baie van ons wonder hoekom ons ouers ons so gedoop het. Ek weet dat die antwoord op die vraag vir een van ons oudste lede – Candida du Toit , besonder helend was.

En wat 'n groot verassing was dit vir al die "Anastasias" om te hoor dat hulle naam in Russies – "Tupperware " beteken.

Ek wil tog net aan die spreekster noem dat "Annesu " nou wel volgens haar , die Finse woord vir "dooie Eskimo " is , maar in Hongaars beteken dit " vlinder ".

Nie dat dit my enigsins pla nie, ek noem dit maar net.

En nou, my persoonlike hoogtepunt. Die "ONTDEK JOU OERVROU " seminaar Eintlik was dit vir almal 'n emosionele ervaring. (Dankie ook aan Kleenex vir die borgskap.) Dames, en die masnne - my oervrou, soos ons almal s'n , het vir so lank verskuil gelê onder daaglikse stress. Nou, dat sy lewendig in my lendene tintel ; voel ek so bevry.

En ek pas haar oorleweingsmetodes daagliks toe : Elke keer as ek gefrustreerd voel in die verkeer oppad skooltoe , vergeet ek vir 'n oomblik van die knieserige kinders op die agtersitplek en herhaal my mantra – of "vroutra " : " EK JAAG ONBESLOMMERD DEUR DIE OERWOUD VAN MY VROUWEES." Dan word my Pajero my luiperd aan wie se maanhare ek vasklou , en die grou , grys strate word my woud vol wilde orgidee. Elke oggend doen ek my riueel : ek bind die khoi krale om my borste, rol in die dou en gggrrrom vir die opkomende son. En elke aand,

bestrooi ek my lyf met sand , lag vir die maan ; en staan vir 5 minute in die Brontausauris posisie. Dames, dit werk wonderlik. Sorg tog net dat jy alleen is wanner jy jou oervrou groet ; dit kan traumaties wees vir manlief en kinders. Veral die ou kleintjies sukkel om te verstaan. Huisdiere blykbaar ook. Bonita van Jong Dames Sianied – Swellendam , het laat weet dat haar bullterrier , haar tydens een van die oervrou sessies; sleg gebyt het.

Baie dames het ge-epos ; en nou moet die wederhelftes ook luister ; dat hulle intieme verhoudings ook baat gevind het by die oervrou-ontdekking. Maar wees gewaarsku , soveel skielike "aktiwiteit " is nie altyd goed vir ons mans se harte nie. Miskien moet ons die manne maar eers stadig inlyf met The Naked Chef se resep vir gemarineerde oesters.

Dis ook cholerstrolvry en maklik vir die huishulp om te volg.

Terloops, die lid wat die "VAT HANDE MET JOU HUISHULP " plakkaat verander het na "MOTIVEER JOU MEID " is lewenslank geskors.

Ek was nie self by die "VEERLIG DEUR MY VEERTIGS " of die "MAMMA HELP MY, EK IS 'N HOMO " gespreksgroepe nie. Ongelukkig moes ek op daai stadium dringende hulp kry toe konflik tussen die "KRISTALLE VIR VREDE " kongresgangers uitgebreek het. Jammer vir die traangas , almal, maar ons het nie 'n keuse gehad nie. Die kristalghoeroe Karma van der Lugt , sê dis ontstellend om te sien hoeveel agressie in Afrikaner auras skuil.

Miskien word ons dames se "auras " net meer gestreel met diamante as lae klas klippies soos kristalle.

‘n Paar lede het ook gevoel dat die “LEES JOU SPATARE EN VOORSPEL JOU TOEKOMS “ lesing onbybels is. Ons ondersoek die aanklag.

Maar ten spyte van die paar probleempies ,is my hartwarm gevoel wat ek na die Jong Dames Sianied naweke gehad het : Laat niemand s^e die Afrikanervrou is ‘n agtergeblewende nie. Ons is vooruitstrewend, volvrou reg vir die nuwe millenuim. Dankie almal, en VIVA, VRYSTAAT en VOORWAARTS!

EINDE SKETS 1..

SQ : Musiek tydens kostummwisseling

LX – Ligte in blou, effense verdonkerde effek vir kostuumwisseling

LX : Kruisdoof ligte op vir skets.

SQ : Doof musiek uit.

SKETS 2 – ASVROUEDEELTJIE

(Karakter is ‘n entosiastiese, onskuldige jong kleuterskool onderwyseres.Sy “ontdek “ die nuwe weergawe van die bekende sprokie soos sy dit aan die kinders voorlees. Onthou, sy het nounet die sprokiesboek ontvang.Haar fokus wissel tussen die storie voorlees , en die kinders wat oproerig raak in haar klas.))

Kyk wat het Juffrou vir julle !. Nou net gekry – ‘n splinternuwe sprokiesboek.!

As ons nou uiteindelik mooi stilsit gaan Juffrou …. Azania , Azania Vermeulen… Juffrou praat met jou. Jaaa… gaan juffrou in oorleg met die junior primêre syllabus van 2010 vir julle …. Azania as jy nog eenkeer vir Upliftment knyp , stuur ek jou uit. Nou ja toe. Hier is die storie van..kom ons kyk, kom ons kyk (*Slaan die boek oop*) ASVROUEDEELTJIE.

Upliftment – vingetjie uit die neusie . Ag nee wat, moenie so ‘n gesig trek nie, jy gaan die storie baie geniet.

Eendag , lank , lank gelede was daar ‘n jong persoon van die vroulike geslag met die naam van Asvrouedeeltjie. Sy het saam met haar nie-biologiese Ma - Nora en nie-biologiese susters – Dora en Chlora , ‘n heeltemal aanvaarbare familie eenheid gevorm.

Truth en Reconcilliation ! Ek stuur julle saam met Azania uit. Nou ja toe.

En Constitution , hou op om jou naels te byt. Dis lelik.

Asvrouedeeltjie was etesties geseend , iets wat haar nie-biologiese Ma , Nora, en haar nie –biologiese susters, Dora en Chlora nie was nie.Daarom het hulle haar geterroriseer en tot slawerny gedwing. Sy is gesegregeer tot die klassieke simbool van vroulike onderdrukking - Die KOMBUIS..

Eendag het ‘n mobiele kommunikeerder , of afleweringsbeampte ,‘n brief na die huis toe gebring. Dit was ‘n uitnodiging na die Prins se Dansparty. Die jaar wou hy vir hom ‘n lewensvennoot uitsoek Al die jong vroulike persone in die Koningkryk is beveel om aan te meld as kandidate. Maar Asvrouedeeltjie se nie-biologiese familie het geweier dat sy mag gaan.

Wat is dit nou weer ? Wie boelie nou weer vir wie ? Constitution , watookal jy in jou mond het, spoeg uit . Wat is dit ? Wie se knoop is dit ? Gee dit terug vir Azania. Sê dankie, Azania . Sê jy’s jammer , Constitution. …. Sê dit. Nou ja toe. Kyk hoe soet is Comrade. Mooi so Comrade, juffrou is baie trots op jou.

Asvrouedeeltjie was baie hartseer dat die Prins se bal vir haar verbode was..
Boonop , moes sy haar as af werk om aandrokke te maak om haar nie-biologiese familie se estetiese gestremdheid te verbloem. Eindelik het die groot aand aangebreek:

Nora , Dora en Chlora is met enorme gedruis na die bal toe.

Arme Asvrouedeeltjie het alleen agtergebly. Terwyl sy nog so oor haar agtergeblewendheid sit en treur , verskyn ‘n vreemde vertikaal verlengde wese voor haar. Asvrouedeeltjie kon haar oë nie glo nie. Sy het eers gedink dat dit een van die fopdossers is wat langsaan woon , maar toe onthou sy dit hulle ook na die Prins se bal toe is.

“Hellooooo, Aswhatever jy nou deesdae genoem word ,” het die wese gesê. Ek is van die Menseregtekomissie … liberty, equality en al daai jazz … Kyk as jy dan nou moet gaan toustaan vir ‘n prins, dan moet jy seker maar. Maar eers moet ons vir jou ‘n outfit kry. Jy kan nie in die grys tentrok gaan nie … netnou dink hulle jy’s ‘n anoreksiese weergawe van ‘n parlementslid. Mmm.. een van daai deur –‘n doillie geduik gedoentes sal werk . Frille , valle en voile ! Voila !

En daar staan Asvrouedeeltjie in ‘n monumentale rok. Met mooi , fyn glasskoene - net soos vrouetydskrifte voorskryf. “Luister , Aswhatevertjie “ waasku die vertikaal verlengde wese –“ jy moet voor middernag terugwees, want as die klok twaalfuur slaan, verander jy weer in jou ou self . “

Azania ! Wat doen jy ? Jy kan nie vir Constitution knope voer nie. Spoeg uit , Constitution ! Truth en Reconcilliation , help vir Upliftment om die knope op te tel. Dankie Upliftment. Nou ja toe.

Asvrouedeeltjie is opgewonde na die bal toe. Toe sy instap het al die balgangers se koppe gedraai. Niemand het nog ooit so na gekom aan die onrealistiese verwagtings van vroulike skoonheid nie. Tipies van die testosterrongedrewe manlike geslag, wou die Prins en elke ander man in die vertrek , vir haar , Asvrouedeeltjie , as vrou hê. So erg was hulle onbeteulde drange, dat hulle daar en dan begin vuisslaan het.

Toe die ander lede van die vroulike geslag besef dat hulle begeerlikheid bedreig word , het hulle ook agressief opgetree. Hulle het woedend nader beweeg en ‘n kring om Asvrouedeeltjie gevorm. Nora, Dora en Chlora was voor in die koor.
Terwyl die mans tot die dood geveg het, is Asvrouedeeltjie deur die susterskring verbaal mishandel. Aanklagte soos “sekswerker” , “vroulike hond “ en “simuyne aanbieder “ is rondgeslinger.

Niemand het agtergekom dat dit amper middernag was nie. Toe die klok twaalfuur slaan, het Asvrouedeeltjie te laat , onthou van die vreemde wese se waarskuwing. Voor almal se oë , het sy verander in die asvaal , beteuderde ou dingetjie wat sy voorheen was.
Die Mans het ophou baklei , en die vroue het haar aangestaar. Maar Asvrouedeeltjie was nie ‘n slagoffer van die gemeenskap se materiële snobisme nie. “ Dankie tog “ , het sy uitgeroep. “Uiteindelik kan ek weer asemhaal !” “Die rok was te nou , en die skoene het geknyp .” “Nou voel ek weer my ou self.”

Die Prins en al die balgangers was so stomgeslaan deur haar eerlikheid , dat hulle soos een persoon begin juig het. “ Hoera !” het die vroue geskreeu, en net daar en

dan van hulle korsette, wonderbra's , en natuurlik , die swaar balrokke ontslae geraak. Die Prins en sy kalante het die skouspel terdeë geniet.

In die naakte gees van die oomblik, het hulle ook uit hulle wurgende aanpakke , belaglike strikdassies , stywe boxers en broeke geklim – tot die hele skare sonder 'n draad klere daar gestaan het. Baie van hulle was erg esteties gestremd, maar hulle het nie eers omgegee nie. Skielik was almal gelyk .

Na 'n nag van ongeewenaarde feesviering , en 'n mate van seksuele wangedrag , het die Prins Asvrouedeeltjie gevra om sy lewensvenoot te word. Dit was 'n roerende seremonie , met prokureurs, finansiële adviseurs en dies meer. Maar dit was als die moeite werd , want Asvrouedeeltjie en haar Prins het vir lank en gelukkig 'n uiters winsgewende nudiste kolonie by Calitzdorp bedryf. En van daai dag af, het almal in die Konigkryk , selfs Nora, Dora en Chlora - hul onverbloemde menslikheid gevier , deur daagliks kaalgatperskes te eet.

Azania , Constitution ? Thruth en Reconcilliation ? … Upliftment ? Comrade ?
Vas aan die slaap.
Nou ja toe.
Dan lees Juffrou vir julle more … " Blankepersoontjie en die 7 minatuur mensies. "
EINDE SKETS.2 .
SQ : Speel musiek tydens kostummwisseling
LX – Ligte in blou, effense verdonkerde effek vir kostuumwisseling
LX : Kruisdoof ligte op vir skets.
SQ : Doof musiek uit.

SKETS 3 -CUPIDO

(*Karakter is 'n tienderjarige tipe, mismoedige, effense agressiewe cupido, wat uit desperaatheid, vir die eerste maal drank in die hande kry,('n klein halfjack bottel whiskey) en algaande al hoe meer besope raak.Cupido skiet met 'n pyl en boog)*

Mis *!.... (skiet weer)* ….. shit. …… (*Vryf elmboog*) archer's elbow. Occupational hazard . As iemand raad het , laat my weet a.s.a.p.
Ek moet netnou gaan hertoets vir my skietlisensie , en ek kan nie eers span nie, nevermaaind skiet , die pyn is so erg. Moenie dink HULLE het 'n enige simpatie nie – tipies van bloody Zeus en sy OLD GOD'S CLUB , zap jou altyd op die verkeerde tyd.

Ek doen al eeue die job, nie vir die geld nie, vir die liefde van die saak , en nou moet ek soos 'n damn beginnertjie gaan hertoets.
Julle dink julle suffer met die system , ha ! Wag tot jy hier werk . Elke keer as jy 'n fout maak, verloor jy 'n veer , as jou foutelys vol , en jou vere kaal is , whammo – terug na die toetsgronde !

Dis nie net my elmboog nie , ek het in die 1600's al aansoek gedoen vir 'n bril , maar die red tape op Olympus is verskriklik. En daai pretensious Venus , my Ma , het gevoel dit pas nie by ons image nie . " Jy moet sag en pienk en dierbaar wees, Cupid kan nie soos 'n kwaai oujongnooi lyk nie ! "

Ja, moenie so verbaas wees nie , natuurlik is Cupid 'n vrou – dink julle 'n man sou so lank gecope het met liefdesdramas ?

Ek weet die liefde is blind , maar hoe de hades moet ek weet waar ek mik as ek sukkel om te sien ? Anyway , HULLE het laat weet my mediese fonds is uitgeput – als op shrinks spandeer . Julle sou ook opgecrack het as julle verantwoordelik was vir die ganse heelal se lovelife.

Diere is maklik – staar , paar en klaar . Maar mense – aan , af , in uit , met , sonder …saam, eensaam , predikant , prokureur , predikant , prokureur …. Oh …puhlease .. O, en die favourite verskoning : "ons het verby mekaar gegroei , maar ons bly nog vriende "…asof julle kinders dit verstaan.

(*Verwys na whisky*) Dis medisinaal….vir sig, senuwees en pyn…ouch.

Ek moet, moet my skietlisensie terugkry . Ek cope nie met die deskjob nie.

Veldwerk is ten minste makliker . Jy kies twee kandidate , of drie as jy in Frankryk is , anyway , jy kies , skiet en skedaddle. Dan's jou job gedoen. Maar hier by Customer Care , operate jy soos al die Big Brother cameras tegelyk. Elke couplekrisis oor die hele wêreld , 24 uur , word jou kant toe gegooi , en jy moet hulle probleme telepa…telepateties probeer uitsort.

Skakel so tussen die dagga , coke , prozac en viagra walms in , en probeer deurdring. Soms is dit nogal snaaks , maar oor die algemeen . Ek het my bes probeer om 'n one cupid package van Oprah, Dr. Ruth, Dr. Phil en Jerry Springer te wees , maar forget it ..hulle praat almal nonsense , en g'n verliefde of verwonde luister ooit na advies nie.

Niemand Hierbo of Daaronder sê ooit dankie vir my suksesse nie , maar hulle 's mal daaroor om te wroeg oor my foute.(*bring 'n scroll te voorskyn*) Hier's 'n lys langer

as die hof se skeisake op ‘n Dinsdag . Cupid 101 – Veldwerk Verliese : “ Misparing ..sien … Paragraaf drie.…

Charles en Diana , Charles en Camilla , Andrew en Fergie ,

Anne en Mark Phillips , Magaret en Lord Snowdon, Elizabeth en …Churchill ? Dis haar perd. Dis nou ‘n royal fokkop.

Verantwoordelik vir selfdegeslagverhoudings … Ek sê mos al eeue ek sukkel met my oë , buitendien , besef HULLE hoe baie mans lyk deesdae soos meisies en vice versa .? Korrel was anyway nog nooit my sterk punt nie ..soms skiet jy per ongeluk , die verkeerde een raak. Dit gebeur . Zuma en…watookal haar naam is, , Nelson en Winnie , Jurie en Hestrie……dit gebeur.

Ek is ‘n uitstekende vlieënier. Maar dis ook nie deesdae maklik nie . Besoedeling, vliegtuie, vuurpyle , satelliete , bomme… ‘n hele paar veldwerkers is al die ewigheid inge *(maak geluid van ‘n bom wat ontplof.)*

Jerusalem en New York , ons kon nie eers daar ingaan nie, die rookwolke was so dik. En Afrika ! Pah ! Wee’t julle hoe baie van ons pyle en boe is al gehijack ?

Dis bleddie moeilik om pienk en sag en dierbaar te bly as niemand in jou glo nie !

Waar kom al julle haat en selfsug vandaan huh ? Ek het ok die reg op job satisfaksie !

Mense verwag die bo-menslike van my – … okay , ek is bo-menslik ; maar nogtans !

Ek kan nie perfekte liefde skep nie, ek kan julle net die hormone en die hoop daarvoor gee. Die res is up to you !

Toe ek begin het , sag en pienk en dierbaar , het ek myself belowe – ek gaan net onsterflike liefdes skep – en daar was ‘n paar : Abelard en Eloise , Romeo en...Juliet ! … Mickey en Minnie …

Dis al wat ek vra , as ek net nog een onsterflike liefde kan skep ! Net een !

Maar kyk hoe lyk my vlerke … dis julle , julle het my ontveer ! Ek gee nie 'n …. 'n… om vir "Men are from Venus, Women are from Mars nie .." Hou op met julle nonsens ! Ek kan nie meer nie !

SQ : (STEM) :: CUPID101 NA DIE TOETSGRONDE . CUPID 101 NA DIE TOETSGRONDE. CUPIDO 101 TO THE TESTING GROUNDS. CUPIDO 101, KUHLEBALêNG LATHEGO…THANK YOU, Kê A LEBOGA, DANKIE.

(*Vat laaste sluk whisky) (Polish vlerke , vat pyl en boog)*

Okay, okay …one for love … *(skiet) ….*

Aaahh…. Bullseye ! (*kyk in gehoor in , af ondertoe asof hoog op wolk sit.f)*

Oooh shit !dis Bush en Saddam!

EINDE SKETS 3

SQ : Speel musiek tydens kostummwisseling

LX – Ligte in blou, effense verdonkerde effek vir kostuumwisseling

LX : Kruisdoof ligte op vir skets.

SQ : Doof musiek uit.

SQ Kruisdoof na instrumentale tango musiek, wat deurentyd , duidelik hoorbaar onder die volgende skets speel.

<u>SKETS 4 – HUISVROU TANGO</u>

(Karakter kom aanvanklik as redelik vaal en gewoon voor , maar verander in 'n femme fatale, 'n seksueel opgewerkte wese. Die skets word as "Gespreksang " oor instrumentale tango musiek gedoen, en sy voer deurentyd tango danspassies uit.)

(Waai vir gesinsmotor wat by haar huis se erf uitry- asof sy haar man en kinders afsien.)

Tatta skat ! Tatta my kabouters ! Lekker dag ! Sien julle later !

SQ 2 MATE TANGO MUSIEK :

2 Mate hard

2 Mate sag

Bold and Beautiful op Simuyne

Vadoeke wat in die Ace Bleach lê

Die A E G is rustig aan die spin

Nou kan ek my plesier begin

Daagliks doen ek wat ek so bemin

Poets, skrop , suig , vee waks en bedopmaak –

Die huisvrou tango.

DANSBREAK

Tamatiebredie is vanaand se dis

Vir groenteskil is ek al lankal lus

Smoor die ui en stadig stoom die rys

Rasper worteltjies en skroei die vleis

Langsaam voel ek hoe my passie prut

As ek al my groente in ‘n pot insit

Die huisvrou tango.

DANS BREEK – DANS PASSIES

(Spraak nou dubbel tyd – vinniger ritme)

As ek vloere politer

En rakke afstof

Begin drange in my roer

My hormone ontplof

Die Electrolux smeek

om sy pyp vas te gryp

As ek matte stofsuig

Raak ek wulps en ek hyg

Ha Ha Ha hahaha

Ha Ha Ha hahaai vuil

Skottelgoed is lelik

En die Glicks bank het ‘n kol

My Sunlight streel so heerlik

En my foamex spuit so vol

(Spraak terug na ou ritme)

My asem versnel – ek wil als optel

Dit kriewel in my lyf - ek wil als opvryf

Maar meubels waks is my klimaks

Ek is so entosiasties – vrouwees is fantasties !

(*Vals einde – 2 mate istrumentale tango musiek)*

As mense my vra hoe ek myself besig hou

Dan antwoord ek altyd : “Ek’s maar net ‘n gewone huisvrou .”

MUSIEK – LAASTE PANG !

EINDE SKETS 4 .

SQ : Speel musiek tydens kostummwisseling

LX – Ligte in blou, effense verdonkerde effek vir kostuumwisseling

LX : Kruisdoof ligte op vir skets.

SQ : Doof musiek uit.

SQ : Harde, opruiende charismatiese musiek speel.

SQ : Doof uit sodra karakter begin praat.

SKETS 5 – LET US PURCHASE

(***Karakter is'n hiper energieke, charismatiese prediker tipe.Op die Amerikaanse charismatiese preekstyl geskoei. Sy is vol selfevertroue, ten volle in beheer, en weet presies hoe om haar gehoor te manipuleer.)***

We will have miracles here tonight ! We will have miracles ! Mhm –muh ! I can feel it ! I can feel it! I can feel it ! But that's not all ! Included in our Divine Special , is some free for all Advice.! Yes , you can get love, happiness , success. Nothing is impossible ! I repeat ! Nothing is impossible.! I feel the power here tonight , and I know every woman feels it . We were born to feel it. How sad are those who don't feel it. WE, sisters , must get out there and spread the message – the sacred message of shopping. There is nothing that can't be bought ! Believe ! Believe ! Hyperama! It is our responsibility to drive the economy – to support those less fortunate : Woolworths , Queenspark , Clicks …

I know many of you are surrounded by heathens , unbelievers , who complain about bills , who cut up your credit cards . Bank managers who phone us , and tell us to stop – verimark, verimark – I say unto them – there is no stopping us. We were genetically programmed to shop. We were born to spend ! Hyperama ! Let them laugh, let them scorn, we will fight them at clearance sales, we will fight them via infomercials, we will even fight them at Tupperware parties. And we shall overspend.

We must pity them sisters , for they do not understand – paying R4000 for a pair of Preview shoes is not "walking into debt " , it's a spiritual journey. American Swiss.!

My sisters ans sisters , we are the mothers of our nation – teach your children to be loyal consumers. Take the time , make it that special "bing " moment every day and tell your sons and daughters : CASH HAS TO FLOW. I have no interest in interest , old stale money, locked up in a savings scheme. Money must move ..

Tell your sons and daughters , even if she doesn't need anything , Mommy must shop – because it makes her happy .

Daddy doesn't make her happy, living doesn't make her happy , but shopping makes her happy . Hyperama !

There is a woman in this audience tonight , and she knows who she is , there is a sister among us, who feels sad , lonely , rejected . I feel her pain. I sense her tears ; because she , like so many others , is a slave to the demon belief that one should live within one's means. Sister, sister, sister, I have a special message for you – open an account. You don't need money to spend money . Let's all repeat that , you don't need money to spend money . Hyperama !

We , may be many who has seen the light , but others regard us with darkness for they do not know how special we are.

We are the ones who unselfishly buy Bauer pans when we have a kitchen full of cookware . We are the ones who invest in Botox to remove our wrinkles , we are the ones who trust the right product to make us younger, prettier , more desirable , and even if it doesn't work , we enjoyed the mere act of buying it.

Sisters, I warn you , of the annual coming of the taxman , so don't save yourself for his sadistic pleasures. Spend, spend spend -before he can steal !

But ..as always , I'm a practical preacher , talk is cheap, but action buys the bargain. There is a sale on at Stuttafords – STARTING RIGHT NOW - two and a half percent off - so , let us purchase .

EINDE SKETS 5.

SQ : Speel musiek tydens kostummwisseling

LX – Ligte in blou, effense verdonkerde effek vir kostuumwisseling

LX : Kruisdoof ligte op vir skets.

SQ : Doof musiek uit.

SKETS 6 - LA DAME DE SOULIERS – DIE SKOEN ANTIE

(Karakter is 'n ouerige vrou, so gemaak en so gelaat staan. 'n Aardse boheemse tipe, wat deurentyd aan 'n stuk installasiekuns bou , met die skoene wat op die verhoog rondlê. Diè is die skoene wat die aktrise as die ander karakters in die stuk gedra het.)

(*Besig om skoene op te tel en uit te soek)* Mmmm….ja … nee , , ja nee …uhuh , stap soontoe. Ag nee man, dit maak my sommer vies. Mense moenie albei skoene hier aanbring nie. Dit vat die wonder weg. Daai wonder van wat het geword van die ander skoen. *(Lag*) Wag, dat ek kla nie , tenminste bring hulle. Soos empties by 'n bottelstoor. Strome skoene vir die mal Antie. *(lag)* Gewoonlik los hulle dit hier by die tuinhek , of op die stoep , wag nie eers vir die paar sent wat ek belowe het om te betaal nie. So asof hulle skaam is om te erken dat dit aan hulle voete was.

Die word versprei gou deur die dorp . Katarina is al weer besig met haar kuns ! Bring julle skoene !

Natuurlik dink hulle's ek vreemd. Maar wat, dis my gemeenskapsdiens , bring bietjie vars skinder in die dorp in. Buitendien die een se vreemd is die ander se gewoonte. Die wat so verslaaf is aan skrop en Sanpic is vir my weird.

Werk jou dood om als skoon te kry en more moet jy weer van vooraf begin.

So gepraat , daar kom nou die dag so ‘n maer mannetjie van die Munisipaliteit hier aan. Foeitog , een met ‘n verskriklike uitstaan onderkaak.Nee, Dame ,” teem hy , “die bure kla oor die gemors in die yard. “ Ek sê : “ Watse gemors ? “ “Die vragte ou skoene, Dame.”

Ek sê : “Meneer , weet jy hoe onstel hulle gemors my ? Die verlepte ferns in die ou tyres, en die Dralon sofas wat so agter kantgordyne uitloer ? “ Kyk, ek weet jy’s nuut op die dorp. Maar laat ek jou nou ‘n ding vertel , hierdie plek is die Sodom en Gemorra van swak smaak. Dis die duiwel se lêplek , jaa, hier regeer Satan met die beste wapens wat hy het : verbeeldingloosheid , normaliteit en die maniese vrees vir enige oorspronklike denke.

“Ja Dame “ antwoord hy na ‘n paar verdwaasde minute . “Maar darem is hulle plekke netjies. “ Ek kon sien my passievole preek het dwarsoor sy kop gevlieg, soos ‘n Frisbee oor ‘n vet hond s’n.

“Meneer “ sê ek .“Kom ek gaan wys jou wat ek met al die “gemors “ doen. Hy volg my half agterdogtig na my ateljee toe.

“Jis, maar hier’s nou ‘n gemors !“ “Man, dis my werksplek. “

“Kyk net al die skoene !”

“Ja , is dit nie wonderlik nie. ?”

“Maar , Dame ,hulle’s oud en vrot .”

“Juis .” “ Wat beteken skoene vir jou ?”vra ek.

“Dis baie duur deesdae.”

“Nee , man, skoene vertel die stories van mense se lewens – wie hulle is, waarvan hulle hou . Hoe hulle voel . “

“Hoe hulle voel ?”

“Ja , mens loop soos jy voel. Elkeen op sy manier . Jy dra lig of swaar aan jou lyf , jy marsjeer, of jy wandel , of jy slof , of jy kruip nader. Kyk bietjie , ons loop almal anders. Hierdie skoene is uitgetrap aan die kante – ek wed jou die een is soos ‘n muis – versigtig , bang, suutjies poep. “

Hy trek selfbewus aan sy broekspype sodat ek nie sy eie beskeie paar grasshoppers moet raaksien nie.

“Nou wat maak dame met al die skoene ?”

“Ek maak installasies …groot beeldhouwerke hiervan.”

Geen lig gaan in daai bleekbreintjie op nie.

“Soos standbeelde .?.”vra hy.

“ Ja, sê maar so. “

“Jis, dame ..en dan ? “

“Dan gaan dit na kunsuitstallings toe en dan kyk mense daarna.”

“Hoekom ?”

“Want daar’s niks die moeite werd op TV nie.”

“En as die mense nou klaar gekyk het ? “

“Dan skryf hulle in die koerante daaroor , en hulle gee jou prysies of hulle kritiseer jou . En dan koop ryk mense my werk en stal dit in die ingangsportale of raadsale van hulle kantore uit.

“Ons mense op die dorp se ou, vrot skoene ?”

“Ja.”

“Gie- gie “ fluitlag hy tussen sy uitstaan onderkaak deur.

Ek wou my eers vererg , maar toe besef ek hoe logies sy denke eintlik is. Toe lag ek maar saam. En daar sit ons toe – tussen die hope skoene en ons lag .

En hoe meer ek hom vertel van die dieper betekenis, die simboliek in my werk en die noodsaaklikheid van kuns , hoe meer lag hy. Elke nou en dan staan hy op, bekyk die halfklaar installasie , skud sy kop en lag van voor af.

Die lewe stuur die vreemdste prefekte om jou op te plek te sit.

Toe hy uitgelag is , is dit back to business .

“Haai , ek is nou jammer dame , maar ek moet vir dame aanskryf. Kragtens artikel 214 – die wet op onwettige rommel berging. “Dame verstaan nê?

“Ja , dame verstaan. Dame verstaan alles. Die een se sielskos is die ander se scrapyard. En dis reg so. “Meneer” sê ek “ Daar’s nou net een ding” .

“Wat is dit dame ?”

“Moet my asseblief net nie DAME noem nie , dit klink soos die naam op ‘n toiletdeur staan..

Ek is baie dinge , maar ek is waaragtig nie ‘n dame nie.”

“Nou maar wat is dame dan ?”

“Man , ek’s …ek’s… elke **ander** duim ‘n dame. “ “En glo my , **dit** sit nie in elke mens se skoene nie .”

EINDE SKETS 6

EINDE .

LX : Doof ligte uit tot verdonkering.

SQ : Speel Einde musiek.

LX – Ligte op vir buiging.